**Skriflesing: Handelinge 2 vers 14-36**
**Tema: Hemelvaart is die begin van 'n nuwe era.**

Die verhaal van Hemelvaart is so effens vreemd, soos 'n storie of 'n fantasie. Ons kan dit in ons gedagtes sien afspeel, amper soos daardie ou klassieke flieks van die Bybel. Jesus gee vir Sy dissipels hul finale instruksies voordat Hy Sy hande dramaties uitsprei, daar 'n wolk neersak, om Hom kolk, en Hom oplig terwyl die musiek dramaties 'n crescendo bereik. Die kamera volg Hom terwyl die wolk in die lug opbeweeg, totdat Hy in die verte verdwyn. Dan sal die kamera dalk van bo af op die dissipels fokus met hul hande opgehef na die hemel en met stralende gesigte, besig om die Here te loof en prys.

Maar Jesus se hemelvaart is baie meer as 'n klassieke fliek. Dit is van die begin af deel van die sentrale belydenis van die kerk. Kyk hoe herhaal dit soos 'n refrein deur ons belydenisskrifte:
Die **Apostoliese Geloofsbelydenis** bely:
Ek glo in Jesus Christus…
wat opgevaar het na die hemel en sit aan die regterhand van God, die Almagtige Vader, van waar hy sal kom om te oordeel die wat nog lewe en die wat reeds gesterf het.

**Geloofsbelydenis van Nicea**
Ons glo in een Heer Jesus Christus, die eniggebore Seun van God…
wat opgevaar het na die hemel, en sit aan die regterhand van die Vader;
wat weer sal kom met heerlikheid om te oordeel die wat nog lewe en die wat reeds gesterf het, wie se konings heerskappy geen einde sal hê nie.

**Geloofsbelydenis van Athanasius**
Ons glo in die die Here Jesus Christus wat opgevaar het na die hemel, aan die regterhand van die Vader sit en vandaar sal kom om hulle wat nog lewe en hulle wat reeds gesterf het te oordeel.

Waarom is die hemelvaart vir ons as kerk so belangrik? Want die hemelvaart lei 'n nuwe era in.

## DIE ERA VAN JESUS SE HEERSKAPPY

Calvyn was een van die Hervormers wat baie geskryf het oor die hemelvaart. Hy het gesê die hemelvaart beteken dat gelowiges in Christus 'n konstante advokaat en intersessor het, iemand wat aanhoudend vir ons by God intree. Hy het vir ons die weg voorberei na God. Hy het vir ons toegang bewerk tot by God se troon. Jesus sit by die Vader en oortuig die Vader om met 'n sagte hart na ons te kyk. Maar Hy is nie net ons advokaat by God nie.
Ons lees in Handelinge 2 vers 33 dat Hy verhoog is aan die regterhand van die Vader, vanwaar Hy heers oor almal in die hemel en op aarde. Hy regeer oor die skepping, kerk en oor elkeen van ons.

Nie 'n politieke party, eksamen, siekte en beslis nie die bose is in beheer nie, Hy regeer.

Hemelvaart lei die **ERA VAN DIE GEES** in.
Ons lees ook in Handelinge 2 vers 33 dat Jesus die Gees uitgestort het om van ons sy kerk en getuies te maak. (Handelinge 1 vers 8)
Petrus het kort tevore die Here driemaal verloën. Nou spreek hy, onder leiding van die Heilige Gees, die mense kragtig toe. In Handelinge 4 is Petrus en Johannes voor die Joodse Raad. Wanneer die Joodse raad hulle beveel om glad nie verder in die Naam van Jesus iets te verkondig of te leer nie, antwoord Petrus, vol van die Heilige Gees: "Julle moet maar self besluit wat voor God reg is: om aan júlle gehoorsaam te wees of aan

God. Wat ons betref, dit is onmoontlik om nie te praat oor wat ons gesien en gehoor het nie." (Handelinge 2 vers 19-20)

Die Gees verander vir elkeen van ons sodat ons die Here se wil bekend maak. In Hand 2 vers 17-19 lees ons hiervan: "[17]Aan die einde van die tyd,' sê God, 'sal Ek my Gees gee aan almal wat in My glo. Dan sal Ek my wil aan julle seuns en julle dogters bekendmaak. Hulle sal profete wees wat my wil bekendmaak.
[18]'Met julle jongmense sal Ek in visioene praat. En met die ouer mense onder julle sal Ek in drome praat. Op almal wat My dien, mans en vroue, sal Ek aan die einde van die tyd my Gees uitstort.
[19]'Hulle sal my wil aan ander mense bekendmaak." (die Boodskap)

Aansluitend hierby kan ons ook sê dat Hemelvaart die **ERA VAN DIE KERK** inlei. Jesus hemelvaart beteken dat Hy sy aflosstokkie van getuie wees aan ons aangegee. Wanneer Hy die eerste keer na sy opstanding aan byna al sy dissipels verskyn sê Hy: "Soos die Vader My gestuur het, stuur Ek julle ook" (Joh 20:21)

Wat die wêreld nou van Christus sien, van sy regering, sy mag en sy liefde moet hulle by elkeen van ons as sy kerk sien en hoor. Dit was 'n klein groepie dissipels wat Jesus se hemelvaart gesien het. Na Petrus se toespraak, kom omtrent 3000 mense tot bekering. Deur die kragtige werking van die Heilige Gees groei die kerk baie vinniger as toe Christus op aarde was. Van ongeveer 120 gelowiges in Jerusalem, groei die kerk met 3000 en in Handelinge 4 lees ons van 5000 gelowiges. So bly die kerk binne 'n relatief kort tyd groei tot 33 miljoen gelowiges uit 'n totale bevolking van 56 miljoen.

Hemelvaart lei ook die **ERA VAN VERWAGTING OF AFWAGTING** in.
Jesus het nie net opgevaar nie. Hy kom terug op die groot en glorieryke dag van sy wederkoms wanneer Hy sal kom om te oordeel die wat nog lewe en die wat reeds gesterf het. Ons lees daarvan in Handelinge 2 vers 19-21: "Ek sal ook groot tekens in die lug en op die aarde laat gebeur. [20]Bloed en vuur en donker rook sal hemel en aarde vul. Ek sal die son pikswart maak, en die maan so rooi soos bloed. 'Al hierdie dinge sal gebeur kort voordat die groot dag van die Here aanbreek; daardie dag waarop Hy na die wêreld toe terugkom. [21]Almal wat die Here se Naam aanroep en Hom smeek om hulle sondes weg te vat, sal gered word.'"

Ons, as Sy kinders, sien met groot verwagting uit dat hierdie dag sal aanbreek.

**Afsluiting**
By hemelvaart word ons verseker dat Jesus regeer en dat Hy weer kom. Tot dan vul die Heilige Gees vir ons en maak van elkeen van ons, as sy kerk, Sy getuies.
**Amen**